# MENDI MEMORIAL SILVER ANNIVERSRY

22ND FEBRUARY 1942

BANTU SPORTS CLUB
VON WEILIGH STREET SOUTH, JOHANNESBURG.

1D.

AFRICANS' OWN

## PROGRAMME.

| | |
|---|---|
| 1.00 p.m. | General Gathering. |
| 1.45 p.m. | W.N.L.A. Band under Captain V. Barwood. |
| 2.00 p.m. to 2.30 p.m. | Arrival of Detachment of Native Military Corps, led by the Native Military Corps Band. |
| 2.20 p.m. | Inspection of Guard of Honour by His Worship The Mayor of Johannesburg. |
| 2.30 p.m. | Hymn: "Oh God Our Help in Ages Past" (see back). |
| 2.35 p.m. | Prayer: Rev. E. H. S. Skosana, Chairm[illegible] Orlando African Ministers' Association. |
| 2.40 p.m. | Visitors' Welcome: J. M. Brink, Esq., Chairman and Native Commissioner, Johannesburg. |
| 2.50 p.m. | Remarks by His Worship the Mayor. |
| 3.00 p.m. | Song: St. Peter's Secondary School Choir. |
| 3.10 p.m. | Scripture Lesson: Rev. J. B. Webb, M.A., Methodist Central Hall. |
| 3.15 p.m. | Hymn: "Lizalis' Idinga Lako" (see back). |
| 3.20 p.m. | Address: H. R. Raikes, Esq., A.F.C., M.A., Principal, University of Witwatersrand. |
| 3.40 p.m. | W.N.L.A. Band will play while collection is taken. |

3.50 p.m. Address: J. M. Nhlapo, Esq., B.A., Principal, Wilberforce Institute.

4.10 p.m. Song: Western Native Township Secondary School Choir.

4.20 p.m. Benediction: Rev. Dr. J. R. Coan, M.A., D.D., Dean, Wilberforce School of Religion.

(a) LAST POST.

(b) GOD SAVE THE KING — NKOSI SIKELEL' AFRIKA.

4.20 p.m. MANOUEVRES AND MARCHING BY DETACHMENT OF NATIVE MILITARY CORPS.

N.B.—1. General public are warned to come ahead of scheduled time to get space as the crowd will be very large.

2. The public are requested to give silver collection.

3. Collectors will be at the ENTRANCE with collecting boxes, this is done to avoid delay usually experienced. European friends will give their collection at the time specified.

PAY 1d. FOR THIS PROGRAMME.

Interpreters: Rev. H. G. Mpitso, Secretary, Mendi Memorial Fund; Rev. H. M. Nawa, Secretary, T.I.A.M.A. (Johannesburg Branch).

[P.T.O.

## FIRST HYMN.

Tixo, ungu-Mncedi wetu
Ngamaxesha onke,
Wena uli-Kaya letu,
Elonapakade.

Bonwabile a-Bangcwele
Abagcinwa nguwe;
Yomelel'ingalo yako
Ebakuselayo.

Tixo, ungu-Mncedi wetu
Ngamaxesha onke,
Wena uli-Kaya letu,
Elonapakade.

Ts'iu tsa ka tse fetileng
Nke ke ka li lata;
Ke tse ileng, ke tse ileng,
Ha li na ho khutla.

Li sa ile ho Molimo
Ho ng'osa liketso,
Lipuo le litakatso
Tsa motho ea soto.

Oho, Molimo nteselle
Libe tsena tsa ka'
Jesu, 'Moloki, nkapese
Ka ho loka ha hao.

## SECOND HYMN.

Lizalis'idinga Lako,
Tixo, Nkosi yenyaniso;
Zonke intlanga, zonk' izizwe
Mazizuze usindiso.

Amadolo kwelilizwe
Makagobe pambi Kwako;
Zide ziti zonk' ilwimi
Ziluxel'udumo Lwako.

Bona izwe lakowetu
Uxolel' izono zalo;
Ungatob' ingqumbo Yako,
Luze luf' usapo lwalo.

undated



# Industrial Institution

AND

# Girls' Boarding School,

HOLY CROSS MISSION,

ALEXANDRA TOWNSHIP,

P.O. BERGVLEI, JOHANNESBURG.

ELFORD

## COURSE OF EDUCATION.

(a) A THREE Years Domestic Science Course, including Cookery, Housewifery, Needlework, Laundry and Mothercraft. Students who take this course must have passed Std. 4.

(b) Stds. 5 and 6 girls take Industrial as a subject. To complete the **full** Domestic Science Course they have still to take two extra years after they have passed Std. 6.

(c) A Std. 7 class has been begun and full Secondary Classes will in future be a regular part of our Educational Programme.

Special Certificates will be issued.

**Private Lessons.**—Piano lessons can be taken.

### FEES.

Board and School Fees, £10 10s. 0d. per year ; this must be paid half-yearly, that is, January and July, and **strictly in advance** (£5 5s. 0d. for one session).

Holiday Fees, £1 per month (June).

Piano Fees, £3 half-yearly.

Sport Fees, 1/- per year. (Those who wish to play Tennis, pay an extra 2/- and must have a racquet).

### BOOK MONEY.

Industrial Students, 10/- (to be paid at the beginning of the year).

Students who take Stds. 5 and 6 **and** Industrial, £1.

Students who enter Stds. 7 and 8, £2.

The building of the School offers all the advantages and comfort of a first-class Educational Establishment and is run by a full staff of efficient and well-trained teachers. One of the chief aims is to instil the principles of Christian life and virtue into the pupils, and thus, to enable them to become useful and cultured members of society, and above all, good, gentle and noble-minded women.

## CONDITIONS AND RULES.

1. An Entrance Fee of 5/- has to be sent with Application Form.
2. All Fees must be paid in advance.
3. A quarter's notice must be given before the removal of a a pupil.
4. Boarders must keep a pass-book in which they carefully enter all expenses.
5. Parents are to give the names of visitors whom they wish their children to see.
6. Visitors are only allowed on the First Sunday of the month.
7. Punctuality in returning to School at the end of the holidays is expected.
8. Troublesome characters will be expelled.
9. All letters and correspondence must go through Sister Superior's Office.

## REQUISITES FOR BOARDERS.

### 1. UNIFORMS.

2 White Shirt Blouses. 2 White Caps.
1 Navy-blue Gym. 2 Ordinary Dresses for change.
1 White Panama Hat (for Sunday). 1 Navy-blue Blazer.
Hat-band 1/-, School-badge 1/- and Belt 1/9, also Uniform Apron, 3/- to 4/-, are obtainable at the Convent.

### 2. LINEN.

3 sets of Underlinen. 2 pairs Navy Bloomers.
2 Night dresses. 2 Towels.
½ dozen Handkerchiefs. 2 Serviettes.
2 pairs Black Stockings.

### 3. SUNDRIES.

Blankets and 4 Sheets. 1 pair Slippers.
1 pair Black Shoes.
Comb, Hair, Tooth and Clothes Brushes, 1 Knife, 1 Fork, 1 Spoon, Stationery and Stamps, Workbox furnished with Thread, Needles, Tape, Scissors, Darning Wool, etc., Soap, Shoe Polish Outfit.

**N.B.—All dresses must be knee-length.**


All articles must be marked with owner's full name.

43

# LIG EN LEWE

Oordenkings vir elke dag

bygevoeg tot „Die Kerkbode"



Deel 1 Januarie No. 1

# LIG EN LEWE

---

*'n Maandelikse publikasie met Bybelse dagstukkies*

Opgestel deur leraars van die vier

Nederduitse Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika

Onder redaksie van

*Ds. Norval Geldenhuys.*

Uitgegee (met kopiereg) deur die N.G. Kerk-Uitgewers

van Suid-Afrika.

## *INTEKENING*

Kerkrade, verenigings of individue in die Unie en S.W.A. wat op 100 of meer eksemplare per maand inteken, ontvang dit teen 5s. per intekening per jaar. In alle ander gevalle is die intekengeld vir die Unie en S.W.A. 6s. per jaar. Intekenaars buite die Unie moet asb. vir ekstra posgeld betaal. Veranderings van adres moet asseblief ses weke voor die tyd kennis van gegee word.

*Intekengelde is streng vooruitbetaalbaar.* Indien per tjek betaal word, moet kommissie asb. bygevoeg word.

Alle intekengelde moet gestuur word aan :

*„Lig en Lewe", Die N.G. Kerk-Uitgewers, Posbus 4539, Kaapstad.*

## VOORWOORD

WAT ons hiermee in die hand van die leser stel, is 'n produk wat aan ons hele Kerk behoort. Die oordenkinge word naamlik deur leraars van ons Kerk in al vier die provinsies van die Unie opgestel. Daar is verder met die betrokke kommissies van al die Gefedereerde Kerke in verbinding getree en met vrymoedigheid bou ons op hul samewerking. Ds. Norval Geldenhuys het op versoek van ons kommissie ingewillig om as hoofredakteur van die reeks op te tree. Daar is rekening gehou met die alombekende dagboek *Uit die Beek*, en die uitgee van *Lig en Lewe* wil slegs aanvullend en nie kompeterend wees nie: word die een by aandgodsdiens gebruik, vind die ander 'n plek by die oggend-stille uur of gedurende ander tye van die dag.

Hierdie reeks dagstukkies verskyn maandeliks in 'n handige formaat om byvoorbeeld in 'n man se binnebaadjiesak of in 'n dame se handsak gedra te word. Of 'n persoon op sy land staan, onder in 'n myn verkeer, met die trein of bus na die werk reis of selfs op kantoor is — waar ook al 'n stil oomblikkie gevind word, sal *Lig en Lewe* byderhand wees om in die gejaagdheid van ons moderne tyd menige siel in kontak met die ware Bron van Lig en Lewe te stel, sodat ons Verlosser daardeur verheerlik mag word.

Honneyball-laan 66,
Ontdekkers, Tvl.

R. J. N. VAN TONDER,
Sekretaris vir Evangelisasie,
N.H. of G. Kerk, Transvaal.

*Wees sterk en vol moed, wees nie bevrees of verskrik nie, want die Here jou God is met jou orals waar jy heengaan.* — Josua 1 : 9.

'N GODDELIKE opdrag vereis goddelike toerusting! Hoe klein moes Josua nie gevoel het toe God vir hom gesê het: „My kneg Moses is dood, maak jou dan klaar, trek deur hierdie Jordaan . . ." Josua moes in Moses se plek gaan staan, hy moes doen wat Moses nie kon klaarmaak nie.

Miskien is daar meer as een wat vanmôre ook voor 'n groot taak staan. 'n Buitengewone verantwoordelikheid rus op u skouers. 'n Plek is leeg en u word geroep om dit te vul. U voel uself onbekwaam om in een of ander MOSES se spore te gaan staan. Moses se werk is afgehandel, nou begin u werk. Onthou, daar was dinge wat Moses nie kon doen nie — u sal dit moet doen. U aandeel is ook nodig om die geheel te voltooi. Niemand se werk is 'n afgeronde geheel nie. Elkeen van ons bou voort op die fondamente van hulle wat ons voorgegaan het. Baie sal na ons kom om voort te sit wat ons nie kon doen nie. Dit is nie my of u taak nie, dit is God se opdrag en u en ek moet net getrou wees in die deel wat aan ons toevertrou word.

*O, Here, ons dank U dat ons hierdie nuwe jaar mag ingaan met die wete dat dit U is wat ons tot verantwoordelikheid roep, dat dit U is wat die belofte van hulp en bystand gee en dat ons maar net gehoorsaam moet wees. Help ons vandag en dwarsdeur die nuwe jaar daartoe deur u Gees. Amen.*

*Toe ons dit hoor, het ons hart gesmelt . . . . want die Here julle God, Hy is God in die hemel daarbo en op die aarde hieronder.* — Josua 2 : 11.

HIERDIE verhaal van Ragab bring vir ons twee belangrike gedagtes: Die volk van God of die individuele Christen moet so lewe dat die ongelowige wêreld die Hand van God in sy lewe kan herken. Dit is nie soseer ons woorde wat sal oortuig nie, maar ons dade. Die stille getuienis van ons daaglikse optrede in ons werk, op die straat en in ons huise sal bepaal of die ongelowige wêreldling God in ons lewe sal sien of nie.

Dit tref ons verder dat dieselfde getuienis nie op almal dieselfde indruk gemaak het nie. Dit was Ragab wat nie alleen die Hand van God gesien het nie, maar ook gewillig was om daardie gesag te erken. Die ander inwoners van Jerigo het hulle verset en gesterwe. Ragab het bely en is gered! Die Christen se getuienis sal nie op almal dieselfde invloed hê nie, maar terwille van die Ragabs mag ons nooit ons lig onder die maatemmer verberg nie. Dit is ons plig om ons lig te laat skyn. Dit is nie vir ons om te bepaal wie daardeur geraak sal word nie.

*Hemelse Vader, ons dank U vanmôre dat ons hierdie dag kan ingaan versterk met die wete dat as ons getrou is in die uitlewing van ons Christelike roeping, iemand miskien vandag daardeur tot U gelei mag word. Help ons om oral en altyd getrou te wees aan U. Amen.*

2 Januarie  Lees Josua 2:1—24.

*Hieraan sal julle erken dat daar 'n lewende God onder julle is.* — Josua 3 : 10.

AAN die begin van hierdie nuwe stap in die lewe van die volk van Israel, moes hulle weereens die les leer dat hulle Kanaan in besit sal neem nie deur hulle voortreflike wapenkuns of krygsvernuf nie, maar deur die afhanklikheid van God. Voordat hulle kon optrek, moes hulle hul eers heilig (vers 5) en daarna kon hulle naderkom om 'n nuwe magsopenbaring van God te aanskou.

God wil graag aan sy kinders oortuigende bewyse gee dat Hy die lewende God onder hulle is, maar dan moet ons bewys lewer dat ons gewillig is om ons te heilig. Die heiliging bestaan daarin dat die kind van God hom vrywillig afskei van alles wat in stryd is met die wil van God in sy lewe. Al die gawes van hart, verstand en wil moet aan Hom gewy word. God kan Homself nie openbaar aan die dubbelslagtige siel nie — aan die Christen wat die beskerming van God wil geniet, maar nie gewillig is om hom ten volle aan God te gee nie. As ons ons lewe ondersoek, sal ons vind dat ons die Hand van die Here duidelik kon herken veral by daardie geleenthede toe ons ons aan Hom geheilig het. Heilig u aan die Here en Hy sal Hom aan u openbaar.

*Hemelse Vader, help ons om vandag so te lewe dat ons vanaand sal kan sê: Aan al die dinge wat vandag gebeur het, kon ons sien en weet dat daar 'n lewende God onder ons was. Help ons om ons so te heilig dat U U ook in en deur ons kan openbaar as die lewende God! Amen.*

*Josua het ook twaalf klippe opgerig in die middel van die Jordaan, op die plek waar die voete van die priesters, die draers van die verbondsark gestaan het; en dit is daar tot vandag toe.* — Josua 4 : 9.

DIE twaalf klippe was die eerste monument wat Israel gebou het in hulle vaderland. Dit was 'n verbond opgerig tot eer van die Here om die wonderbare wyse waarop Hy hulle deur die Jordaan gelei het vir ewig in hulle geheue te vestig. Tot in ewigheid moes die kinders van Israel daaraan herinner word dat hulle Kanaan binnegetrek het deur 'n magsdaad van God. Voordat hulle verder kon trek, moes hulle eers daardie monument oprig.

Elke volk moet sy monumente hê. Monumente om hom te herinner aan die roemryke gebeurtenisse uit die verlede — tekens waardeur die volk verseker kan word van sy goddelike bestemming, van die goddelike beskerming wat hy geniet het en van sy hoë roeping as volk. Op die pad van Suid-Afrika is daar ook baie monumente. Monumente wat ons volk daaraan herinner dat God ook vir ons in hierdie land gebring het met 'n besondere doel — dat sy hand kennelik in ons geskiedenis gesien kan word. Ons is 'n volk wat gedurig herinner moet word aan die wyse waarop God oor ons lotgevalle en oor dié van ons volk beskik.

*God van ons Vadere, ons dank U vir soveel simbole waardeur ons gedurig herinner kan word dat ons onder u Hand en tot u eer in hierdie skone land moet lewe en werk. Help ons om voort te bou op die hegte fondamente deur die voorvadere gelê. Amen.*

*Wat wil my Here vir sy dienskneg sê?* — Jos. 5 : 14.

NA die wonderbaarlike oortog oor die Jordaan het daar weer 'n tyd van stilte en voorbereiding aangebreek. Eers moes die Volk besny word om weer die verbond met God te bevestig. Daarna moes die pasga gevier word om hulle te herinner aan die verlossing uit Egipte.

Die volk skakel nou oor van die woestynlewe tot die permanente lewe in Kanaan. Maar ook in hierdie nuwe fase van hulle ontwikkeling moes die volk eers wag totdat die Hemelse leidsman die teken sou gee vir die volgende stap. Nadat die voorlopige voorbereidinge voltooi was, kom die Hemelse leërowerste na Josua en sê: „Ek het nou gekom". Die antwoord van Josua weerspieël vir ons die gesonde houding van hom en die volk wat hy moes lei: „Wat wil my Here vir sy dienskneg sê?"

Wanneer ons voor 'n nuwe onderneming staan; wanneer daar 'n onverbiddelike Jerigo in die pad van ons sukses lê, laat ons nie blindelings vooruitgaan nie. Laat ons wag. Van ons kant moet ons sorg dat die verbond tussen ons en God weer hernu en bevestig word. Ons moet alles doen waartoe ons in staat is en daarna wag totdat die versekering kom: „Ek is die leërowerste van die Here; Ek het nou gekom." Dan is dit die tyd om te luister en te vra: „Wat wil my Here vir sy dienskneg sê?"

*O, Hemelse Koning, die toekoms is vir my onbekend. Ek waag nie om vooruit te gaan as U nie met my saam optrek nie. Wat wil my Here* vandag *vir sy dienskneg sê? Waar U lei, wil ek volg. Amen.*

*So het hulle dan op die tweede dag die stad eenkeer omgetrek; daarna het hulle in die laer teruggekom. So het hulle ses dae lank gedoen.* — Jos. 6 : 14.

DIE verhaal van die inname van Jerigo is een van die merkwaardigste in die Bybel. Nie alleen vanweë die wonderwerk wat daar gebeur het nie — 'n wonderwerk wat bo enige twyfel deur die opgrawinge bewys is — maar vanweë die les in selfdissipline wat die volk van Israel hier moes leer.

Jerigo moes ingeneem word, maar van al die moontlike maniere waarop dit kon gedoen word, was die wyse waarop dit wel geskied het seker die laaste waaraan enige mens ooit sou gedink het. U moet onthou dat Josua nie vir die volk gesê het wat die Here aan hom geopenbaar het nie. Hy het net die sonderlinge bevel gegee dat die hele volk in prosessie om die stad moes trek sonder om 'n geluid te maak!

Israel moes hier onvoorwaardelike gehoorsaamheid en selfdissipline betoon. Hoe dikwels in die lewe kom ons nie ook voor probleme te staan waar ons maar net moet volg sonder om te verstaan nie! Waar ons moet glo al sê ons verstand ook vir ons dat daar skynbaar nie sin is in wat ons moet doen nie. Maar as ons soos Israel volhard, sal ons op die regte tyd sien waarheen God wil.

*O, Here, soms verwag U van ons dat ons sal volg sonder om te sien en sonder om te verstaan. Help ons om in sulke oomblikke te glo dat U weet waarheen U gaan, al weet ons nie. Help ons om te vertrou en te volg waar U lei. Amen.*

*Skreeu! want die Here gee die stad aan julle oor.* — Jos. 6 : 16.

GEDULD en geloof word beloon! Na sewe dae van die strengste selfdissipline en vertroue word die beloning nou op die mees verrassende wyse gegee. Op die geskreeu van die volk val die mure om en Israel se ywerige vegsmanne kan eindelik die stryd voltooi. Maar selfs in die oomblikke van wilde opgewondenheid mag hulle nie vergeet dat hierdie stad nie deur hulle ingeneem word nie, dog deur God aan hulle gegee word. „Die Here gee die stad aan julle oor." Daarom mag niemand iets van die buit vir homself neem nie. Die goue en silwer voorwerpe moes na die Tabernakel gebring word — dit behoort aan die Here. Sonder sy hulp sou hulle dit nie kon bemeester nie, daarom mag hulle dit ook nie vir hulleself toe-eien nie.

Daar is in ons lewe ook miskien 'n Jerigo. Een of ander groot struikelblok op die weg van geestelike groei. Al ons eie pogings het op mislukking uitgeloop. Maar onthou, God het 'n plan om my die oorwinning te gee, as ek maar net geduldig daarop wag en vertrou. Ons wil dikwels nie vir God vertrou nie en verspil dan ons krag in nuttelose en pynigende aanslae teen die mure van Jerigo. Dit wat ek nie kan doen nie, kan God vir my doen as ek myself geheel en al in sy Hand stel. Maar onthou, as God vir my die oorwinning gegee het, mag ek dit nie vir myself toe-eien nie.

*O, Here, ons dank U vir die wete dat ons sonder U niks kan doen nie, maar dat ons met U tot alles in staat is. Help ons om vandag so volkome op U te vertrou dat U ons onoorwinlik kan maak in die stryd teen die Bose. Amen.*

7 Januarie  Lees Josua 6 : 15—27.

*Israel het gesondig en het ook my verbond oortree wat Ek hulle beveel het.* — Jos. 7 : 11.

EEN vlieg is genoeg om die apteker se salf te bederf. Een man se ongehoorsaamheid is genoeg om 'n hele volk in die ongeluk te dompel. Die oorwinning by Jerigo was afhanklik gestel van die voorwaarde dat niemand iets vir homself mag toe-eien nie. Een man het gedink dat hy vir God kon bedrieg. Hy het gedink dat hy veilig is solank as wat mense hom nie sien nie.

Na die oorwinning oor Jerigo was Josua en die volk oormoedig. Maar hulle moes leer dat die kleinste struikelblok sonder God vir ons te groot kan word. Ook moes hulle leer dat die handeling van elke lid van die volk 'n invloed ten goede of ten kwade kan hê op die hele volk. Voordat die sonde van Agan nie openbaar en versoen is nie, was daar geen hoop vir hulle nie.

Ons hoor ook so dikwels dat mense uitgaan van die standpunt dat hulle handel en wandel hulle eie saak is; niemand anders het daar iets mee te doen nie. Dit is verkeerd. Die mensdom is nie los koringare wat elkeen op sy eie stengel wieg nie; hulle is eerder soos die takke en blare van 'n boom — een organiese geheel. Ons moet so lewe dat ons nie hoef te vrees vir die gevolge van ons dade op ander nie. Dit moet vreeslik wees om die ewigheid in te gaan met die herinnering aan dade wat 'n kringloop van ellende ten gevolg gehad het ver buite die grense van my eie lewe.

*O, Here, bewaar ons in hierdie dag vir dade waarvan ons die kwaaie gevolge nie kan voorsien nie. Hou ons waaksaam en opreg. Amen.*

*Maar hy het nie geweet dat daar agter die stad vir hom 'n hinderlaag lê nie.* — Jos. 8 : 14.

HY het nie geweet nie! Hoeveel siele sal nie eendag in die oordeelsdag hierdie woorde as verskoning wil aanvoer nie. Ek het nie geweet nie! Omdat die koning van Ai nie van die hinderlaag geweet het nie, daarom het hy en sy onderdane gesterwe. Sy onkunde was die verklaring vir sy ondergang, maar is dit ook 'n verskoning? Die gereg gaan altyd uit van die standpunt: Jy moes geweet het — onkunde is geen verskoning nie! Elke burger van die land word geag bekend te wees met die wette van die land.

Hierdie koning het nie geweet nie, maar hy kon geweet het as hy wou. Onkunde wat aan my eie nalatigheid gewyt moet word, is geen verskoning nie. Daar is dinge wat ek moet weet voordat ek blindelings handel. Ek moet seker maak van die feite waaroor ek beskik of kan beskik. Doen daardie bietjie ekstra moeite en maak eers seker voordat u iets doen wat moontlik rampspoedige gevolge kan hê.

Die koning van Ai het hom deur die skyn laat bedrieg. Hierdie koning se ondergang was te wyte aan die feit dat hy sy vyand onderskat het. U, liewe leser, moet nooit die fout maak om u vyand te onderskat nie. Onthou dat die sielevyand 'n opperste bedrieër is. Hy wil u ook deur die skyn mislei.

*O, Vader, U weet alle dinge, U weet dat ons U lief het. Bewaar ons in hierdie dag vir daardie soort onkunde wat skadelik of noodlottig vir die groei van ons geestelike lewe kan wees. Amen.*

*Toe het Josua 'n altaar gebou vir die Here, die God van Israel, op die berg Ebal.* — Jos. 8 : 30.

NA oorwinning kom danksegging. Dit is 'n noodsaaklike plig teenoor die Allerhoogste wat so maklik versuim word. Ons weet gewoonlik goed om in ons nood na God te roep, maar is ons net so gretig om na uitredding getrou te wees in ons danksegging?

Josua se eerste werk na hierdie eerste twee struikelblokke uit hulle pad verwyder was, was om 'n altaar te bou. Net nadat hulle deur die Jordaan was, het hulle 'n monument gebou. Nou na die eerste oorwinnings word 'n altaar as 'n middelpunt van aanbidding gebou. Daarby kom nog dat hy ook 'n afskrif van die wet op klippe laat grafeer en die hele wet weereens aan die volk voorgelees het. Ons lees: „Daar was geen woord van alles wat Moses beveel het, wat Josua nie voorgelees het voor die hele vergadering van Israel, met die vroue en die kinders en die vreemdeling wat onder hulle saamgetrek het nie."

In die Koninkryk van God moet die geestelike belange altyd voorop staan. Voordat die ander take aangepak word, moet eers gemeenskap met God beoefen word; moet die daaglikse offerande eers op die altaar gelê en die woorde van die wet op die tafels van die hart gegrafeer word.

*Hemelse Vader, help ons om hierdie dag in te rig na die hoë eise van u wil. Verleen ons genadiglik u bystand in die uitvoering van ons roeping as burgers van 'n hemelse koninkryk. Amen.*

*En Josua het met hulle vrede gemaak en met hulle 'n verbond gesluit, dat hy hulle sou laat lewe.* — Jos. 9 :15.

GOD het baie uitdruklike bevel gegee dat die Israeliete nooit enige verbond met inwoners van Kanaan moes maak nie. Hier laat hulle hul egter sommer aan die begin deur bedrog mislei om 'n komprimiterende verbond met die inwoners van Kanaan aan te gaan. Hulle is mislei omdat hulle nie die Here geraadpleeg het nie, en toe die verbond eenmaal gesluit was, kon Josua as eerbare leier dit nie weer verbreek nie, omdat dit in die naam van die Here bevestig is.

God se bestemming vir Israel was om 'n aparte nasie te wees, nie terwille van hulle persoonlike voortreflikheid nie, maar omdat hulle die draer van die openbaring van God was. Om daardie openbaring suiwer te hou moes hulle nie vermeng word met heidense elemente nie.

God se bestemming vir elke lid van die nuwe Israel, die Kerk van Christus, is om in hierdie wêreld 'n volk apart te wees: In die wêreld, maar nie van die wêreld nie. Hulle moet apart wees om die Evangelieboodskap suiwer te kan uitdra. Hoe dikwels word ons invloed nie verwater en ons boodskap vertroebel deurdat ons ook soos Israel kompromie met die wêreld maak nie!

*Hemelse Vader, ons wil ons onvermoë om te onderskei tussen die ware en die valse erken. Help ons om nie deur valse skyn mislei te word en in sondige kompromie met die wêreld verstrik te raak nie. Amen.*

*Trek u hande nie van u dienaars af nie, kom gou op na ons toe en verlos ons en help ons.* — Jos. 10:6.

EEN verpligting bring 'n ander mee. Die een stap lei tot die volgende. Eers het Josua 'n verbond met die Gibeoniete gemaak en nou word hy op sy woord gehou en verplig om Gibeon te hulp te snel in sy stryd teen die verenigde konings. God het egter aan Josua die versekering gegee, dat Hy ook hierdie geleentheid kon gebruik om sy doel te bereik. „Wees nie bevrees vir hulle nie, want Ek gee hulle in jou hand; niemand van hulle sal voor jou standhou nie."

Die boodskap van hierdie Skrifgedeelte het nie in die eerste plek met die wonder van die lang dag te doen nie, maar met die feit dat God ten spyte van die fout van Israel om met Gibeon 'n verbond aan te gaan, tog daardie fout kon gebruik om Sy doel te verwesenlik. God het gebruik gemaak van hierdie fout om die goeie daaruit te laat voortkom. Dit gee ons natuurlik nie die reg om maar te sondig met die verskoning dat God wel die goeie daaruit kan laat voortkom nie. Dit gee ons wel die vertroostende wete dat ons foute en mislukkings nie onherroeplik verlore is by God nie.

*O, Here, ons dank U vanmôre vir die vertroostende wete dat ons foute in onwetenheid en selfs in ongehoorsaamheid begaan nie u raad kan verydel nie. U kan vergewe omdat U rekening gehou het met en voorsiening gemaak het deur die Kruis van Jesus Christus. Amen.*

*En al hierdie konings met hulle land het Josua in een slag geneem, omdat die Here, die God van Israel, vir Israel gestry het.* — Jos. 10 : 42.

WANNEER ons dié lang verhaal van dood en bloedvergieting lees, mag die vraag by ons opkom of dit werklik binne die wil van God was om op so 'n oënskynlik wrede wyse vir die volk van Israel 'n woonplek te gee. Dit klink wreed om te lees dat Josua van die een end van die land tot die ander getrek en alles vernietig het. Die skrywer van hierdie verhaal het egter van die standpunt uitgegaan dat ons hier met God se strawwende geregtigheid te doen het. Israel was maar net die instrument in die Hand van God om die straf oor hierdie volke te voltrek. Hulle het in so 'n toestand van morele en geestelike korrupsie verkeer dat hulle uitgewis moes word, sodat God met die volk van sy keuse 'n nuwe hoofstuk in die geskiedenis van die mensdom kon inlei.

Ons mag hieruit aflei dat God geen halfslagtigheid kan duld nie. Ook in die lewe van die enkele gelowige moet die oorblyfsels van die ou lewe, die vlees, die ou Adam, stelselmatig uitgeroei word sodat die nuwe mens in Christus met goddelike groei groot kan word.

In hierdie stryd het elkeen die versekering van oorwinning, want „die Here, die God van Israel," stry vir ons.

*O God, help ons om die ou mens af te lê wat deur die begeerlikheid van die verleiding ten gronde gaan, en vernuwe te word in die gees van ons gemoed en ons met die nuwe mens te beklee wat na God geskape is in ware geregtigheid en heiligheid. Amen.*

*En die land het gerus van oorlog.* — Jos. 11 : 23.

ISRAEL sou nog dikwels weer in oorloë betrokke wees. Die afsonderlike stamme sou nog elkeen meer in die besonder hulle erfdeel moes opruim en skoonmaak van oorgeblewe vyande. Die groot algemene skoonmaakproses was egter nou afgehandel. Ons word vertel dat Josua „baie dae lank" met die konings oorlog gemaak het. Maar daardie lang stryd het ook tot 'n einde gekom — die land het gerus van oorlog. Ons kan ook sê : deur die oorlog het daar rus vir die land gekom.

Daar is sommige probleme wat nie anders as deur stryd opgelos kan word nie. In menige persoon se lewe kan daar eers rus kom as die stryd volstry en die lang tyd van innerlike en uiterlike botsings eindelik die weg vir vrede gebaan het. Wanneer die siel tot God kom, moet die lewe eens en vir altyd skoongemaak word. Ou sondige gewoontes wat hulle wortels diep ingeslaan het, moet uitgeroei word. Die gedagtes moet in nuwe bane gestuur word, nuwe gesindhede moet gekweek en ou byna vergete onreg moet herstel word.

Laat ons nie skroom vir noodsaaklike stryd nie. Na die gewonne stryd sal die land rus van oorlog. Hy wat moedig gestry en oorwin het, vind die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan.

*O Here, ons besef vanmôre dat ons hier op aarde moet stry om die erfenis, wat U vir ons verwerf het, waarlik ons eie te maak. Help ons om te stry en te oorwin en in die vreugde en vrede van God in te gaan. Amen.*

*Al die konings saam, een en dertig.* — Jos. 12 : 24.

HOOFSTUK 12 is net 'n opsomming van die hele veldtog van Josua, wat oor 'n periode van 5 jaar gestrek het. Dit is ook die afsluiting van hierdie deel van die boek.

Ons teksvers sê dat Josua altesaam 31 konings verslaan het. Dit staan daar sonder enige pretensie, maar ons kan skaars die grootheid van hierdie onderneming besef. Sonder die hulp van God sou dit sekerlik nie moontlik gewees het nie. Dit mag ook vir ons wreed klink, maar uit die standpunt van die heilsopenbaring, was Josua en Israel die instrument in God se hand om 'n einde te maak aan die onbeteuelde boosheid, die totale verrotting en verval van hierdie nasies.

In die wêreldgeskiedenis vind ons meermale dat God verplig is om in te gryp en 'n reinigingsproses te onderneem. En uiteindelik sal die wêreld soos ons dit vandag ken, geheel en al gereinig moet word sodat dit plek kan maak vir die nuwe hemel en nuwe aarde.

As ons om ons heen kyk, as ons die toenemende afval en ongeregtigheid sien, kan ons nie anders as om te voel dat daardie tyd van finale afrekening en reiniging nie meer in die oneindige verskiet lê nie. Die vraag waarvoor u en ek vanmôre staan, is of ons gereed sal wees vir daardie dag.

*Hemelse Vader, maak ons waaksaam en bedag dat u Dag ons nie soos 'n dief in die nag onvoorbereid mag aantref nie. Reinig ons en heilig ons sodat U ons sonder vlek of rimpel in ewige heerlikheid voor die Vader kan stel. Amen.*

*Jy is oud en ver op jou dae, en daar het nog 'n baie groot stuk land oorgebly om in besit te neem.* — Jos. 13 : 1.

AAN die begin van hierdie boek het die Here vir Josua gesê: „My kneg Moses is dood; maak jou dan nou klaar, trek deur hierdie Jordaan . . ." Nou het dit tyd geword vir Josua om ook uit te span. Ook hy kon maar net sy bestemde deel doen en na sy heengaan sou daar nog 'n baie groot stuk land oorbly om in besit geneem te word. Van nou af sou elke stam moes sorg dat sy eie deel skoongemaak en in besit geneem word. Die tyd van gesamentlike optrede was voorlopig verby.

Daar is baie dinge in die maatskaplike lewe waarteen die „volk van God" saam moet optree. Ons staan saam in ons stryd teen algemene maatskaplike euwels; ons staan saam in die bevordering van die onderwysbelange; die sinodale sendingwerk, maatskaplikesorg en evangelisasie. Maar nadat ons ons plig teenoor die gesamentlike ondernemings gedoen het, bly daar nog altyd ons persoonlike verantwoordelikheid oor. Daar is die probleme in my eie huis wat opgeruim moet word. Daar is die vyande van die koninkryk van God in my eie omgewing wat aangedurf moet word. Daar is probleme in my eie lewe wat ook onder die soeklig van Gods Gees moet kom! Ons bid graag vir die sending in die verre heidenlande, maar wat van die heidendom aan ons deure, in ons huise?

*Vader, ons bid U vir die krag en die besieling om te werk terwyl dit nog vir ons dag is. Maak elkeen van ons getrou in ons besondere werk. Amen.*

*Daarom het Hebron die erfdeel geword van Kaleb, die seun van Jefunne, die Kenesiet, tot vandag toe, omdat hy volgehou het om die Here, die God van Israel, te volg.* — Jos. 14 : 14.

OMDAT hy volgehou het om die Here te volg! Wat 'n mooi getuigskrif om vir iemand te gee! Hierdie woorde kom nie minder as driemaal in hierdie hoofstuk voor nie. Toe die ander verspieders die volk se hart laat versmelt het, het hy volgehou om die Here te volg. Op daardie dag het Moses vir hom gesweer en gesê: „Waarlik, die land wat jou voet betree het, sal aan jou en jou kinders in ewigheid as 'n erfdeel behoort, omdat jy volgehou het om die Here my God te volg." Nou na 45 jaar word Kaleb se getrouheid beloon. Dit was 'n lang tyd om te wag, maar dit was die moeite werd!

Dr. Campbel Morgan som hierdie woorde treffend op in hierdie woorde: „Geloof sien en waag in die dag van oorweldigende moeilikheid, geloof wag geduldig deur die vertraging wat deur ander se mislukking veroorsaak word, geloof handel met moed in die dag van geleentheid."

As Kaleb se lewe vir ons een les leer dan is dit die les van geloofsvertroue; om 'n probleem te sien uit die Goddelike oogpunt; om nie ongeduldig te word as ons nie onmiddellik ons doel kan bereik nie.

*O Here, ons is dikwels so haastig. U aan wie die eeue behoort, roep ons vanmôre weer toe om geduld en lydsaamheid te leer. Ons wil in hierdie dag wandel met ons oog gevestig op Jesus die owerste leidsman en voleinder van ons geloof. Amen.*

*Toe gee hy haar fonteine in die hoogte en fonteine in die laagte.* — Jos. 15 : 19(b)

IN die vorige hoofstuk het Kaleb die reg gekry om sy erfenis in besit te gaan neem. In hierdie hoofstuk vind ons die verhaal van die verowering self. Dit word vir ons in die een sin beskrywe „en Kaleb het die drie seuns van Enak . . . daaruit verdrywe". Kaleb die man van geloof vind die krag deur die Here se genade om te doen wat hy onderneem het. Kaleb toon hom verder hier as 'n man van sy woord. Hy het gesê: Hy wat Kirjat Sefer verslaan en dit inneem, aan hom sal ek my dogter Agsa as vrou gee. Dit het hy ook gedoen. Maar sy dogter was nie tevrede met die grondgebied wat op dié wyse aan haar en haar toekomstige man toegeval het nie. Sy het nog waterfonteine daarby gevra. Weereens betoon Kaleb hom as 'n grootmoedige, wat dadelik toegee en aan haar fonteine op die hoogte en fonteine in die laagte gegee.

Hy wie se innerlike krag van God kom, kan bekostig om ruim van hart te wees, hy kan bekostig om baie weg te gee. Hoe meer hy weggee hoe meer sal hy self hê. Hy wat eenmaal gedrink het van die water van die lewe vind dat dit in hom 'n fontein van lewende water word wat opspring tot in die ewige lewe!

God soek mense in wie se lewe Hy fonteine van lewende water kan laat opborrel sodat hulle weer aan ander kan gee.

*Vader, wat woon in die hemel, maak ons vandag kanale waardeur u lewenswater na dorstige siele kan vloei. Gebruik ons in u diens. Amen.*

*Maar die kinders van Juda kon die Jebusiete, die inwoners van Jerusalem, nie verdryf nie, daarom het die Jebusiete saam met die kinders van Juda in Jerusalem bly woon tot vandag toe. — Jos. 15 : 63.*

TEMIDDE van hierdie lys van stede wat ingeneem is, kom ons op hierdie verbasende mededeling af: „Maar die kinders van Juda kon die inwoners van Jerusalem nie verdryf nie.

Ons kan die geskiedenis van Jerusalem allegories besien. Jerusalem bly in die onvolkome besit van die gelowiges totdat dit eenmaal as die nuwe Jerusalem deur God self toeberei word. So kan God se hoogste bestemming vir die mens nooit deur die mens self bereik word nie. Eindelik moet dit weer deur God aan die mens gegee word. Die mens kan homself nie red nie — God moet dit vir hom doen. Ook die stad van die mensesiel word beheer deur magte te sterk vir hom. In hierdie lewe slaag hy nooit volkome daarin om hulle uit te drywe nie, maar sy hoop is op God wat uiteindelik vir hom sal doen wat hy self nie vermag nie.

Die stad van God, die nuwe Jerusalem, sal kom nie deur die mens se pogings nie, maar vanuit die Hemel deur God self toeberei.

*Hemelse Koning, ons dank U vir die nuwe Jerusalem en vir die versekering dat deur u genade ook ons name geskrywe is in die Boek van die Lam as burgers van die Hemelse Stad. Amen.*

 Lees Josua 15 : 21—63.

*Maar hulle het die Kanaaniete nie verdrywe nie.* — Jos. 16 : 10.

EFRAIM en Manasse, die twee seuns van Josef het uitsoekgebiede van Kanaan ontvang. Dit was hulle beloning vir Josef se dienste aan sy broers in Egipte.

Deur hierdie toekennings was hulle in 'n bevoorregte posisie geplaas, maar hulle het die Kanaaniete nie verdrywe nie. Efraim het spoedig 'n leidende posisie onder die volk ingeneem, maar hy het ook spoedig agteruitgegaan. Hosea se profesië was later hoofsaaklik teen Efraim gerig. Luister na uitsprake soos die volgende: „Wat sal ek met jou doen, o Efraim, aangesien julle liefde soos 'n môrewolk en soos dou is wat vroeg weer verdwyn" (Hos. 6 : 4). As ons die oorsaak vir sy agteruitgang soek dan vind ons dit in die woorde van ons teks: Hulle het die Kanaaniete nie verdrywe nie. Hulle het hulle erfenis ontvang, maar nooit ten volle besit nie.

God gee aan ons ook geestelike erfenisse — ons erfdeel in die Koninkryk van God. Daardie dinge moet ons ons eie maak, anders kan ons dit weer verloor.

As ons nie die Kanaaniete verdrywe nie, sal ons spoedig met hulle vermeng word. Die Christen wat kompromie maak met die wêreld, word spoedig wêreldgelykvormig.

*O Meester, U het ons erfenis met u dood verwerf. Bewaar ons van die gevaar om dit deur ons vingers te laat glip deur ons onwilligheid om die Kanaaniete in ons lewe te verdrywe. Amen.*

*Want die gebergte sal joue wees — 'n boswêreld is dit naamlik en jy moet dit skoonkap; dan sal die uitlopers daarvan joue wees; want jy moet die Kanaaniet verdrywe, al het hy ysterwaens, al is hy sterk.* — Jos. 17 : 18.

ONS het reeds daarop gewys dat Efraim en Manasse se gebied aansienlik groter was as dié van die ander stamme. Sommige van Manasse se stede het selfs ook nog binne die gebied van Aser en Issaskar geval. Dog tenspyte van al hierdie uitgestrekte gebied was hulle nie tevrede nie. Hulle wou nog meer grond hê. Josua het 'n betekenisvolle antwoord aan hulle op hulle versoek gegee. Dit kom daarop neer dat hulle nie aanspraak op meer grond kan maak voordat hulle nie dié wat reeds aan hulle toegewys is deeglik skoongemaak en bebou het nie. Hulle noem die feit dat hulle 'n talryke stam is. Josua antwoord deur te sê: die beste wyse om hulle grootheid te bewys is om hulle gebied deeglik te beset.

Manasse openbaar hier 'n tipies menslike neiging: om meer te besit as wat hulle werklik deeglik kan beheer en bewerk. Die mens wil gedurig meer hê sonder om eers die beste te maak van wat hy reeds het. Josua se boodskap kom ook na u en my: Maak die beste gebruik van wat u het. Het u al u potensialiteite ten volle ontwikkel?

*Here, help ons om in hierdie oomblik al die onontwikkelde gebiede in ons eie lewe te sien en om al die gebied in ons eie omgewing wat nog vir U gewen moet word voor U te lê. Help ons om dit in besit te neem. Al het die vyand ysterwaens en al is hy sterk, weet ons dat U ons almagtige verlosser is. Amen.*

*Hoelank sal julle jul so traag hou om die land in besit te gaan neem wat die Here, die God van julle vaders, aan julle gegee het?* — Jos. 18 : 3.

SOMMIGE stamme van Israel het niks gedoen om die verdeling van die land behoorlik te voltooi nie. Josua moes dus die saak self weer in hande neem.

Let op, hy sê vir hulle: God het die land aan julle gegee. Dit was reeds aan hulle gegee. Die mag van die vyand was klaar gebreek. Hulle moes dit nou net sistematies in besit neem. Verder verwyt hy hulle dat hulle traag is om dit in besit te neem. Traag om te neem wat reeds hulle eie is.

Dink ons nou aan ons eie lewens vind ons die volgende: Die saligheid in Jesus Christus is reeds vir ons verwerf. Dit is deur God aan ons gegee, die vyand is reeds verslaan en sy mag oor ons is gebreek. Die mag wat daardie vyand nog oor ons uitoefen, oefen hy uit omdat ons nog onkundig is oor ons ware posisie wat ons kan en behoort in te neem. Maar sommiges van ons is so traag om wat ons s'n is, in besit te neem. Hoe moet die Gees van God nie aan ons harte klop nie! Ons lewe dikwels 'n lewe van voortdurende neerlaag omdat ons nie ons oorwinningsposisie in Christus Jesus wil inneem nie. Baie geleenthede gaan vir ons verlore terwyl ons traag is om op te tree.

*Hemelse Vader, as ons geestelike lewe stilstaan, as U werk agteruitgaan, is dit nie om dit wat U nog nie gedoen het nie, maar om dit wat ons versuim het om te doen. Vergewe ons ons nalatigheid. Amen.*

*En die gebied wat vir julle deur die lot aangewys is, het uitgekom tussen die kinders van Juda en die kinders van Josef.* — Jos. 18 : 11.

HOE wonderlik tog die weë van die Voorsienigheid. Benjamin se deel kom uit tussen die dele van Juda en Josef — tussen die twee broers wie se lotgevalle vanaf die begin met syne verbind was. Ons dink aan Josef en Benjamin as die twee geliefdes van Jakob. Die stamme van Juda en Benjamin was bestem om, lank nadat die ander tien stamme reeds van die toneel verdwyn het, nog die volk van Israel voort te sit. Uit hulle sou ook die Saligmaker van die wêreld gebore word. Die Jodedom soos ons dit vandag ken, is nog oorblyfsels van hierdie twee stamme.

